

Maandag 22 Desember

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:4 (AFR83/2020)

Ons is nie meer slawe onder die wet nie, maar nou kinders en erfgename van God

Dit alleen deur geloof in Christus. In Galasië het daar gemeentes ontstaan, en het bestaan uit bekeerde Grieke en Jode. Hierdie Joodse Christene het steeds vasgehou aan Joodse wette en gebruike, en voorgehou dat dit noodsaaklik was vir redding. Dus het hulle nie geglo dat geloof in Christus alleen red nie, en geloof plus wette/gebruike gehandhaaf moet word.

In hierdie gedeelte praat Paulus oor slawe wat onder die wet staan, en hoe ons in die geloof nie meer slawe van die wet is nie maar nou kinders en erfgename van God is. Hierdie is dus 'n beeld om iets dieper vir ons te verduidelik oor die geloof – soos 'n slaaf nie iemand se erfgenaam kan wees nie, weens hy nie in die posisie is nie – so was ons in die geloof onder die wet.

Paulus impliseer dat Jode soos slawe steeds onder die wet staan. Solank ons deur middel van wetsonderhouding probeer om ons redding te bewerk voor die Here, sal ons altyd die status van slawe hê, want selfs ons beste werke is deurdrenk met die sonde. Daarom kan ons nie na die wet kyk vir redding nie, soos wat hierdie Joodse Christene gedoen het.

Ons kan dus net na Christus gaan vir redding. Hy wat volkome onder die wet was, volkome gehoorsaam was tot sy dood toe. Juis hierdeur het Hy vryheid bewerk en gee Hy dit aan elkeen wat in Hom glo. Hy maak ons wat slawe was, kinders en erfgename van God.

Sing: Psalm 116-1:1, 2

Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)